

Skrifgedeelte: Jesaja 40:1-11 (AFR53)

Fokusgedeelte Jesaja 40:5, 8

Ons troos is: God se Woord hou ALTYD stand!

In Jesaja 1 – 39 word ballingskap as straf belowe as daar nie bekering is nie. In Jesaja 40 – 66 word verlossing belowe. Jesaja 40 begin met: “Troos, troos my volk ... spreek na die hart van ...”

“Troos” is in Jesaja om “na die hart van Jerusalem” (die gelowige) te praat. Genesis 50:21 verduidelik “troos” nader: Josef praat met sy broers in Egipte. Hulle is bang dat hy hulle sal doodmaak. Maar Josef praat na hulle hart: hy sal niks teen hulle hou nie, al het hulle hom baie leed aangedoen. Hy onderneem om hulle te versorg.

In Jesaja 40:2, 9 praat die HERE na sy volk se treurende hart: Julle is nou al vir die volle tyd in ballingskap; julle stryd (swaarkry, lyding, verstote-wees) is verby; julle skuld is betaal; uit die hand van die HERE ontvang julle meer as genoeg vergifnis vir al julle sondes! Wees nie bevrees nie ... julle God is hier met julle!

Hoekom troos die HERE? Vers 5: want die HERE het dit gespreek dat Hy sy heerlijkheid gaan openbaar waar gelowige en ongelowige dit kan sien! En vers 8: die mens is soos gras wat verdor, maar ons God se woord hou stand tot in ewigheid! Dit wat die HERE belowe het, gáán Hy uitvoer! Die gelowiges kan maar sy woord daarvoor vat!

Verdere vertroostende en waargeworde woorde word ineengevleg met die “want” en “maar”: daar gaan ’n wegbereider eers gestuur word (Johannes die Doper). Die goeie boodskap is dat God hier by sy mense is (in Christus Jesus is God altyd met ons)! Die Here kom as ’n Sterke (selfs die dood is oorwin)! Die HERE kom as ’n Herder, wat met krag sy kinders bymekaar maak en in liefde hulle teen sy bors vasdruk en lei en versorg (alles in Christus vervul)!

Dus: die Here maak sy beloftes waar! Hy hou sy kerk in stand deur sy Woord en Gees. “Kom na My toe en Ek sal rus gee,” sê Jesus. Só ook: die Wederkoms; die Bruilofsmaal van die Lam; die Ewige Lewe! Sy Woord hou ALTYD stand!

Sing: Skrifberyming 22:1, 8 (11-1)

Ds. AH (Arie) Stavast (Emeritus Pretoria/Kroonstad)